

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

Redaksioneel

Verlos om te verheerlik

Langs die pad van bittere stryd en sielewroeging het Luther die ryk inhoud van die Skrifwoord in Romeine 1:17 leer verstaan: 'Die regverdigde sal uit die geloof lewe'. *Sola fide* – alleen geloof. *Sola gratia* – dit is alles genade. Verlossing kom deur Christus, deur Hom alleen. *Solo Christo*.

By Calvyn het die klem van die reformasie in die kerklike lewe elders gelê. Calvyn is bekend vir sy soeke na die verheerliking van God. Wat hy verkondig en skryf is gerig op die konkrete erkenning van God se soewereiniteit. Daarvan is al sy Bybelkommentare en briewe, en by uitstek sy Institusie, 'n duidelike bewys. *Soli Deo gloria* – aan God alleen al die eer.

Tussen Luther en Calvyn bestaan daar, wat bogenoemde betref hoegenaamd geen spanning nie. Per slot van sake is al die verskillende *solas* van die reformasie in een banier saamgevoeg. Genade, geloof, ondersoek van die Skrifte, lewe volgens die wil van God – dit alles moet strek tot vermeerdering van God se heerlikheid.

Ongeveer 500 jaar na die reformasie wil dit egter voorkom asof daar plek-plek tog tussen die verskillende *solas* onderskeid en selfs skeiding gemaak

word. Uit die taalgebruik van party lidmate blyk dat daar baie klem op die saligmakende geloof geplaas word. Met reg.

Wat gebeur egter met hierdie beklemtoning? Die vraag word op verskeie maniere en binne verskillende kontekste gevra: wat het hierdie saak met my saligheid te doen? Kelkies of bekiers, manlike of vroulike ampsdraers, berymings of omdigtings – hoe raak dit my ewige bestemming? Uiteraard is so 'n vraag op die keper beskou besonder egoïsties. Dit draai om die wel en wee van die eie-ek. Daarby word die debat verskuif vanaf die saak na die persoon. Die uitkoms van so 'n redenasie is voorspelbaar. As iets my saligheid nie bedreig nie, is dit toelaatbaar om dit te doen.

Intussen word een van die belangrike *solas* van die reformasie suutjies oorboord gegooi. Die vraag vir die gelowige is nie in die eerste plek: 'wat van my saligheid' nie. Die belangrikste vraag moet wees: wat van God se eer, sy wil vir ons lewe, sy Woord wat noukeurig nageleef moet word? Met die oog op verheerliking van God is ons verlos; nie in die eerste plek om maar net eendag hemel toe te gaan nie.

Kerke van die reformasie moet hulle welbewus daarvan weerhou om 'n egoïstiese gemakgodsdienste te beoefen. Dit mag op die korttermyn dalk na 'n maklik werkbare oplossing lyk om slegs te fokus op die vraag of 'n bepaalde saak 'my saligheid' raak. In praktyk gebeur dit dan dat, as ons saligheid nie op die spel staan nie, besluite aan die vryheid van kerke en individue oorgelaat word. Elkeen moet maar volgens sy gewete oordeel. Maar daarmee is God nog nie verheerlik nie. God wil groot gemaak word deur kinders wat Hom van harte wil dien en hulle verantwoordelikheid in dankbaarheid wil nakom.

Wat het kelkies en bekiers, manlike of vroulike ampsdraers, berymings of omdigtings met ons saligheid te doen? Dit het alles daarmee te doen. Want die lewe in saligheid is 'n lewe in gehoorsaamheid aan en tot verheerliking van God. Nou reeds in beginsel. Eendag ten volle.

GJM

INHOUD

1 Redaksioneel
Verlos om te verheerlik

2 Skrifoorndenking
Die HERE ons geregtigheid
Ds RA Bain

3 Fokus
Neergedaal na die hel
Dr ALA Buys

7 Kerkerf
Die buitengewone Sinode van Dordrecht 1618-1619 (2)
Ds HLJ Momberg

9 Op die boekrak
Die Regulerende Beginsel
Ds LJ Erasmus

11 Persskou
Konsekvente NG Kerk - Wederdopers
Dr GJ Meijer

Die HERE ons geregtigheid

Lees: Jeremia 33:1-26

In dié dae sal Juda verlos word en Jerusalem veilig woon; en dit sal die naam daarvan wees: Die HERE ons geregtigheid.

Die groot kerkhervormer van die 16de eeu, Martin Luther, het erns gemaak met God se geregtigheid. Hy het goed verstaan dat God geregtigheid eis; dat Hy sondes nie verskoon nie; dat Hy sondes nie sommer so onder die mat in vee nie. Luther het daarom in vrees en bewing vir die Here se geregtigheid geleef. Vandaar sy bekende uitroep: 'waar sal ek 'n genadige God kry?' Sy lewe in die klooster as 'n Roomse monnik was gekenmerk deur 'n ontsaglike innerlike stryd met die geregtigheid van God en sy oordeel oor die sonde.

As Luther na Wittenberg gestuur word om die Bybel te bestudeer, bring die Here hom langamerhand tot ander insigte oor die betekenis van geregtigheid. In besonder dat die HERE (Jahweh) sy verbondsvolk deur geregtigheid sal verlos.

In die verbond wat God met sy volk gesluit het, is daar eise en beloftes. Hierdie verbondseise kan saamgevat word in die 10 gebooue. As die verbondseise nie nagekom word nie, moet daardie oortreding gestraf word. God se geregtigheid vereis dit. Hy belowe nie net seën vir die wat die verbondseise nakom nie. Hy belowe ook straf vir die wat die verbond verbreek. Die gevolge van die verbondsverbreking sien 'n mens al van Sinaï af. Die volk se volharding in die verbondsverbreking raak naderhand so erg dat die HERE die tien noordelike stamme deur die Assiriërs laat wegvoer.

Hy belowe ook dat Hy die suidelike koninkryk na 'n ander land gaan laat wegvoer. Dit gebeur met die ballingskap na Babel. Die Skrifgedeelte speel hom af in die tyd nadat die koning, geleerdes en hooggeplaastes al na Babel weggevoer is. Daar was 'n tweede koning aan

bewind, naamlik Sedekia wat deur Nebukadnesar in Jerusalem aangestel is. Hy het later teen Nebukadnesar gerebelleer. Nebukadnesar het met sy leër teen Jerusalem opgetrek om dit finaal te verwoes.

Die volk is onder die ergste druk denkbaar. Jerusalem staan op die punt om deur die magtigste leër op aarde binnegeval te word. Kos, goedere en middele is skaars weens die beleëring. Daar is geen lig in die tunnel nie. Die HERE het belowe dat Hy die volk deur middel van Nebukadnesar gaan straf. Jeremia kondig voortdurend die oordeel oor die volk aan. Die volk het hom daarvoor verfoei.

Te midde van die dreigende oordeel kom daar die boodskap van hoop en bevryding. Dit is die bevestiging daarvan dat die verbond vir ewig is. God sal sy volk weer terugbring. Hy sal sy volk weer veilig in hulle land laat woon. Hulle sal sing van sy goedertierenheid (verbondsliefde) wat tot in ewigheid is.

Voordat die HERE sy oordeel laat geld, laat Hy al klaar herstel aankondig. Dit klink vreemd. Voor die volk gestraf gaan word, word die belofte van hoop al weer gegee. Waarom doen die HERE dit? Want sy verbond met die volk is vir ewig. Deur sy troue verbondsliefde (goedertierenheid) sorg die Here dat die verbond nie tot niet gaan nie.

Daar moet egter onthou word dat daardie verbondsliefde nooit sonder geregtigheid is nie. In Jesaja lees 'n mens dat die Here sy volk deur strafgerig en deur geregtigheid sal verlos. Hier sien ons die eerste aanduidings dat God se geregtigheid juis ook sy goedertierenheid is. Beteken geregtigheid dan nie straf nie? Hoe is geregtigheid dan verlossing? Die volk is gestraf, maar daar is ook straf oor Babel en sodoende verlossing vir die volk. Hy sal Babel regverdig oor al haar sondes straf en so vir Juda deur die koms van die Persiese ryk bevry.

Hierdie teksgedeelte uit Jeremia kyk verder as die volk se terugkeer uit ballingskap. Dit gaan oor die profesie van die Messias wat sal kom. Vir Dawid sal daar 'n Spruit van geregtigheid kom, staan daar in vers 15. Hy sal reg en geregtigheid in die land laat geskied. Juda en Jerusalem se naam sal wees: Die HERE ons geregtigheid. In Jeremia 23 lees ons dat hierdie Spruit van Dawid se naam ook sal wees: Die HERE ons geregtigheid.

Hierin word twee dinge geopenbaar. Eerstens dat Hy geregtigheid aan sy volk sal bewys en tweedens dat die HERE Self daardie geregtigheid is. Die verlossing van Juda uit ballingskap was 'n voorloper, 'n heenwysing. Daardie verlossing kon alleen gebeur op grond van geregtigheid; op grond daarvan dat die HERE Self hulle geregtigheid is. Die verbond kon net bly bestaan as hulle kant van die verbond nagekom word.

Ons sien die aard van die verbond duidelik wanneer Abraham beveel word om die stukke diere te verdeel en dit weerskante van mekaar te plaas (Genesis 15). Die bedoeling was dat Abraham en God saam tussen die verdeelde diere moes deurgaans om die verbond te sluit. Die verbasende is egter dat God alleen tussen die verdeelde diere deurgaans. Hy weet dat Abraham nie sy kant van die verbond kan hou nie.

Daarom sorg die HERE dat Hy Self die geregtigheid van die verbond sal volbring. Deur sy geregtigheid sal Hy ook Abraham en sy nageslag se kant van die verbond hou. Dit is ten diepste die rede vir die redding uit ballingskap. Die HERE sal uiteindelik Self die verbondswraak dra, maar ook die eise in hulle plek hou. Daarom kan hulle al voor die voltrekking van die vernietiging van Jerusalem hoor van hulle verlossing en van die nuwe naam – die HERE ons geregtigheid.

Hoe sorg Hy dat daar ook van ons kant af geregtigheid in die verbond

is? Hoe word die HERE dan Self ons geregtigheid? Hy doen dit deur mens te word. Hy doen dit deur die Verbondshoof te word soos wat Adam dit was. Die Engel van die verbond word vlees en bloed om die verbondswraak te dra en die verbondseise volkome na te kom. Daar word dus betaal. Die sonde word met die hel gestraf. Reg en geregtigheid het aan die kruishout op Golgota geskied. So is die HERE Self ons geregtigheid deurdat Jesus Christus ons Here word. So laat die Spruit van Dawid geregtigheid geskied as Hy Homself in ons plek offer.

Wonderbaarlik! Die Here Jesus word ons geregtigheid. Hy sorg dat die verbond nie ten gronde gaan nie. Daarom staan daar verder in die teksgedeelte dat, as die Here se verbond met die dag en nag verbreek kan word, die verbond met Dawid ook verbreek kan word. God se verbond met Dawid kan egter nie verbreek word nie, want die Here is Self ons geregtigheid.

Daar is dus geen versoening sonder voldoening nie. Daar is geen liefde sonder geregtigheid nie. Daar is geen barmhartigheid sonder geregtigheid nie. Geen verbond sonder geregtigheid nie. Ons kan nie met God versoen word as daar nie betaal word nie, anders sou God onregverdig wees. Daar is geen

liefde van God tot ons sonder Jesus Christus nie, anders het God die sonde en die onreg lief. Ons moet dit stewig vashou. Daar is nie liefde van God sonder Christus nie. Geen liefde sonder die kruis nie.

Sy liefde en sy geregtigheid loop hand aan hand. God se deugde bots nooit met mekaar nie. As ons bely dat die Here se barmhartigheid ook sy geregtigheid insluit staan ons redding mos vas. Dan is ons saligheid geen gekonkel nie. Dan is ons saligheid verdien. Daar is betaal daarvoor. As die Here ons geregtigheid is, wie kan dit ooit van ons wegneem? Ons geregtigheid is onvervreembaar. Hoe groot is sy genade nie!

Ons het alles ontvang. Ons het niks om aan God te gee nie. Ons kan nie God se eis om geregtigheid stil nie. Nie ons betrokkenheid by die kerk nie, nie ons erediensbywoning nie, nie ons lewe in navolging van Christus nie, nie ons gebede om vergewing kan voor God staan as geregtigheid nie. Ons kan vanuit onself geen medelye by die Here opwek nie. Ons kan in onself God nie tot barmhartigheid beweeg nie. Ons het niks om vir God te bied nie. Niks.

Die Roomse kerk leer egter vir Luther: ons kan iets doen, ons het iets om aan God te gee, ons kan iets vir die Here bied om ons geregtigheid

voor Hom te wees. Luther word vrygemaak om te besef dat dit alles maar net genade is. God gebruik hierdie man om die kerk weer terug te bring na die evangelie van genade. Sy laaste geskrewe woorde getuig dat hy wel die genadige God in die Woord gevind het. 'n Papier is deur sy vriende op sy lessenaar gevind met hierdie aangrypende woorde aan die einde geskryf: 'Ons is bedelaars, dit is waar'.

Ons het alles ontvang. Met hierdie belydenis het die Here die ganse kerkgeskiedenis onherroeplik en ingrypend verander. Dit is een van die grootste verskille tussen ons en Rome: dat ons ontvangers is. Dit sê alles van ons geloof, van die wyse waarop die kanon ontstaan het, van Openbaring en waarheid, van die belydenis, van ons omgang met die Skrif, van ons teologiese arbeid, van ons ganse kerkwees.

Die Here is ons geregtigheid. Ons is ontvangers, alles is genade. 'En uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade' (Johannes 1:16). Mag ons dit tog opnuut weer bedink en helder bely in 'n tyd waarin die Roomse ideologie die kerke insypel. Soos bedelaars ontvang ons sy oorvloedige genade. Aan ons is geregtigheid bewys. Daarom is ons arme bedelaars tog ook die rykste van alle mense!

Fokus

Dr ALA Buys, Pietersburg-Noord

Neergedaal na die hel

Ons belydenisse praat vyf keer van die hel en een keer van die byvoeglike naamwoord 'helse'. Die artikel is nie 'n direkte aanhaling uit die Skrif nie. Die huidige tendens onder beide die Rooms-Katolieke en Protestante is om dit as 'n heengaan na die doderyk weer te gee. Alhoewel die frase eers aan die einde van die vierde eeu tot die *Apostolicum* gevoeg is, het dit tog duidelike eksegetiese dogmatiese sake deur die eeue bly aanspreek.

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se onlangse poging is dus nie uniek nie. Dit is eerder 'n versugting om ekumenies stroombelyn te

wees. Histories was daar drie soorte reaksies op enige verandering van enige belydenisbewoording:

- Geweldige *afkeur*.
- Entoesiastiese *verdediging* daarvan as noodsaaklike opdatering veral in die lig van ketterye.
- *Stilswye*.

Die reaksie binne die Gereformeerde Kerke sal seker nie 'n nuwe historiese presedent met 'n heel nuwe reaksie skep nie.

Die *descendit ad inferna*-artikel is later as die ander artikels in die *Apostolicum* opgeneem. Die feit dat

die belydenis eers as doopkategesevrae ontstaan het, en later by ketterye 'n rol gespeel het in die vasstelling van regsinnigheid moet by die ontstaansgeskiedenis van hierdie frase in gedagte gehou word. Verder is dit belangrik wat die streeksinvloede van bepaalde frases was – soos wat inderdaad hier die geval was.

Die eerste variant op die antieke Romeinse doopsbelydenis is die Aquilea-belydenis waarop Rufinus kommentaar lewer. Van die begin af was daar probleme met die betekenis. Aanvanklik het dit bloot gedui op die siel se toestand na die dood én die verlossing van die

Ou Testamentiese gelowiges. Die verskillende, soms verwarrende, soms teenstrydige interpretasies wissel mekaar deur die eeue met reëlmaat af. Dit sluit in:

- 'n Nieu identifikasie met *sepultus*, die begrafnis, dat *descendit* 'n kleurvolle beskrywing is van dood en begrawe – niks meer nie.
- Die afwisselende klem van die vernedering en verhoging van Christus, wat telkens op verskillende momente geplaas word en soms prosesmatig en soms in fases geneem word.
- Die dood as mag.
- Die ryk van die dooies.
- Christus se prediking en bediening van die doop in die doderyk.
- Sy verlossing van die Ou Testamentiese gelowiges.
- Die afwagplek vir verlossing.
- Die afbetalingsplek vir nog-nie-geredde dooies.
- Die permanente strafplek van die verdoemdes.
- Klem op die demone waarvoor gepreek word (hierdie is 'n dogmaties eensame siening en sterk deur die gnostiek beïnvloed).

Dit alles het binne die breë raamwerk van die *homoiousios*-stryd plaasgevind. Daaruit mag egter nie afgelei word dat alleen anti-appolinariaanse, anti-docetiese en pro-vagevuur motiewe die frase in die belydenis gekry het nie.

Die dogmageskiedenis is hier maar troebel waters. Telkens moet eers gevra word wat die teologiese *umwelt* is waar die *descendit* óf instemmend verswyg óf ywerig teen ketterye aangehaal en uitgebrei is. Tog moet 'n mens met Calvyn instem dat die belydenisdeel vir ons verlossing só waardevol is dat, as dit agterweë sou bly, baie van die vrug van Christus se sterwe vir ons verlore sou gaan.

Die vraag is dus primêr of die nuwe bewoording aan die belydenis getrou bly, aangesien die Heidelbergse Kategismus 'n verklaring van die *Apostolicum* bied. Indien die bewoording van die twaalf artikels wesentlik verander word, dan moet die verklaring van die

geloofsbelydenis in die Heidelbergse ook verander. Die kerk moet sy belydenis nie net respekvol nie, maar ook eerlik as outentieke teks hanteer. Dit sluit die dogma-historiese, dogmatiese, eksegetiese en kerkverbandelike aspekte in. Die huidige ooreengekome teks bly die gemeen akkoord.

Dit gaan spesifiek oor die volgende woorde in die Kategismus: *tum maximè in cruce* (maar veral aan die kruis). Daardeur bely die kerk dat die *descendit ad inferna* direk verbind word aan *in cruce*. Christus se neerdaal na die hel het veral aan die kruis plaasgevind. Dit is die punt in geding. Inderdaad is dit die hele hart van die soteriologie (verlossingsleer).

Die hele kontrovers oor die nuwe alternatiewe beskrywing van 'wat angste van die hel tot in die dood toe ondergaan het', het weer onder die aandag gebring dat daar 'n populêre verwarring bestaan om duidelik te onderskei tussen 'hel' en 'doderyk'. Wanneer dit as wisselsterme gesien word, ontstaan 'n kronologiese probleem wat histories met die kerk saamkom oor die plasing van die neerdaling van ons Here na die hel ná die begrafnis.

Vrae volg mekaar met reëlmaat op:

- Was Christus in die hel of het Hy net angste van die hel ondergaan – die verband tussen Getsémane en Golgota?
- Kom die kontras neerdaal-opvaar genoegsaam na vore in die nuwe bewoording?
- Is die sentrum van die versoeningsleer hier op die spel of is dit maar net 'n kwessie van vertaling?

Dit is nodig om weer hierna te kyk om agter te kom dat hierdie verwarring dogma-histories vroeg reeds voorkom.

Die vroeë Nuwe Testamentiese kerk

Die vroeë kerk het dit eenvoudig verstaan as 'n doderyk – dus as 'n naderverklaring van *sepultus*. Twee sentrale gedagtes kom in verskeie variasies stelselmatig na vore: dat Christus die aartsvaders red, met of sonder gepaardgaande prediking;

dat Christus *hades*, hel toe gegaan het en dat die gelowiges nie daarheen hoef te gaan nie.

Deur die samevoeging van hierdie twee lyne ontstaan die gedagte dat die doderyk (in Hebreeus *sjeool*) dieselfde is as die hel (wat later *gehenna* genoem word, of *hades* in Grieks). Die punt van belang is dat *sjeool* as die finale strafplek vir verdoemdes geïdentifiseer word. Dit is hier waar die dogma-historiese kraaines ontstaan. Uit die Skrif is dit duidelik dat *sjeool*, die doderyk, nie met *gehenna*, die finale strafplek, geïdentifiseer kan word nie. In Afrikaans beteken dit dat 'n mens duidelik tussen 'hel' en 'doderyk' moet onderskei. 'Hel' kan soms meer as een betekenis hê.

Die middeleeue het gewerk met die gedagte dat Christus in die doderyk preek en word die *descensus* verklaar as deel van die verhoging van Christus.

Oosterse kerk

Die oosters-ortodokse christendom sien die neerdaal in hulle kerklike kuns veral as deel van die finale oordeel en fokus daarom op die opstanding. Die *descensus* word as deel daarvan opgeneem.

Heidense Hades

By die Grieke was Hades die seun van Kronos en Rhea en die broer van Zeus. Hy is ook later Pluto genoem. Hy het oor die onderwêreld regeer. Dit het daartoe gelei dat die plek en die afgod na mekaar vernoem is. Daar word dikwels beweer dat *sjeool* maar net die Hebreeuse ekwivalent is van die Griekse (en later Romeinse) *hades*. Die begrip het ook in ander antieke kulture voorgekom. Sonder om eers in te gaan op die Skrifkritiese vertrekpunte van sodanige stelling, kan slegs genoem word dat daar wel groot verskille is, naamlik dat die Skrif God ken as die Heerser ook in en oor *sjeool*. Verder vertoon al die mitologieë in al hulle variasies tog die volgende ooreenkomste:

- Die mites wil na vore bring dat die menslike siel nie uitgewis kan of mag word nie.

- Die optrede in die lewe bepaal die bestaan in die dood.
- Ten diepste bly dit die heidense versugting van die mens om soos sy denkbeeldige gode te wees.

Augustinus

Behalwe vir 'n enkele verwysing dat Christus onder die dooies was, bespreek Augustinus nie 'n *descensus* in sy *Enchiridion* nie. Hy beskou dit dus nie as deel van die doopsformule by die belydenis nie. Alhoewel hy die term ken is daar 'n versigtigheid by hom te bespeur. Sy klem is meer gevestig op die twee nature van Christus, terwyl hy wel bely dat Christus tussen sy sterwe en opstanding in die doderyk was – iets wat elke christen as geloofswaarheid moet omhels. Hy sien die hel eskatologies as oord van die ewige verdoemdes.

Thomas van Aquino

Dit is goed bekend dat Thomas 'n lang stuk in sy *Summa* afstaan aan die artikel. Kortliks kom sy standpunt op vier sake neer. Thomas stel dat wat die sakramente vir die lewendes beteken, is wat die neerdaling vir die dooies beteken. Die krag van Christus is in albei handelinge werksaam. Volgens Thomas het Christus die gelowiges van die Ou Testament met sy neerdaling na die hel uit die verdoemenis bevry. Verder red Hy diegene uit die vagevuur vir wie verlossing nog moontlik is. Ook word ongedoopte kinders en mense wat nog die nodige geloof kortgekom het vrygelaat. Die duiwel en die siele wat vir die ewige straf bestem is word uitgelos, aangesien Christus nie neergedaal het in die hel as strafplek vir die verdoemdes nie. Aan die verdoemdes word geen verlossing gebring nie.

Rooms-Katolieke siening

Dit gaan hier veral oor die begrippe *limbus patrum* en *limbus infantum* wat sedert Thomas algemeen in die Roomse teologie voorkom. Die Roomse teologie leer dat Christus neergedaal het na die hel om die heilige Ou Testamentiese aartsvaders te verlos.

Vanaf die Konsilie van Florence (1439) en die kontra-reformasie Konsilie van Trent (1545-1563) word die onderskeid tussen die *poena damni* (ewige straf van veroordeeldes wat God se teenwoordigheid ontbeer) en die *poena sensus* (die fisieke pyn) weer bevestig asook die hele gedagte van die vagevuur.

Reformasie

Die leerstuk oor die hel is in die reformasie breedweg vanuit drie teologiese motiewe benader, naamlik die geregtigheid van God, die totale verlorenheid van die mens en die uitverkiesing. Daar is algemeen aanvaar dat die vroeë kerk nie die neerdaling as deel van die simbole geken of uitgelê het nie. Daar is nie sekerheid oor wanneer dit presies in die *Apostolicum* opgeneem is nie, maar tog is dit belangrik om daarop te wys dat juis die reformasie, waar letterlik alles oop was vir aanpassing, bewustelik kies om die *desensus* te behou. Die uitleg daarvan geskied aan die hand van *regula fidei*. Luther en Calvyn verskil basies nie oor hulle verklaring hiervan nie, alhoewel die latere Lutherane eintlik nie die egte Lutherse siening weerspieël nie.

Bultmann

Dit is algemeen bekend dat Bultmann se teologie op Heidegger se filosofie berus. Die Ou Testamentiese drieverdieping wêreldbeeld (hemel, aarde, onderwêreld) en die Nuwe Testamentiese beeld (met sy Griekse wortels van die aarde, waar die spasië bo die maan aan die gode behoort en dié onder die maan aan die menslike geeste en demoniese kragte wat sake moet uitspook) moet volgens Bultmann alle eksistensiële betekenis vir komtempore denke verloor.

Draagwydte van die belydenis

Uit die dogmageskiedenis is dit duidelik dat die vroeë kerk iets anders onder die *descendit*-artikel verstaan het as die reformatore by wie dit in die Kategismus neerslag gevind het. Dit bring die vraag

na die waarde van die belydenis na vore – nie net die *Apostolicum* nie, maar ook die Kategismus. Die punt van belang is die kerk se eenheidsbeleving met die kerk van al die eeue. Die belydenis het meer draagwydte gehad as wat die oorspronklike opstellers besef het. Die vraag is: Hoe moet 'n latere geslag, wat op 'n sekere punt anders of iets meer as die vorige geslag bely, dit in 'n belydenisskrif neerslag laat vind? Met die nuwe bewoording het ons nie met 'n herformulering te doen nie, maar met 'n dogmatiese verandering. Dit blyk duidelik uit die volgende sake:

- Die neer-gedaal (*de-scendit*) is vervang met ondergaan. Dit is dogmaties nie dieselfde nie. Neerdaal, of dan afgaan is nie heeltemal dieselfde as ondergaan nie. Ondergaan kan ongelukkig ook passief verstaan word, terwyl neerdaal juis die klem vestig op die aktiewe handeling van Christus – ook en veral ten opsigte van sy vleeswording en sy lyde.
- 'Angste van die hel' wil die aandag vestig op wat Christus in sy siel beleef het, veral dan om die Godverlatenheid daarin te bely. Die gevaar van hierdie woorde is egter dat vir 'n kerk (tyd) wat gewend geraak het om kontekstueel te dink – en te bely – die woorde ook (verkeerd) verstaan kan word; eerder in die sin van Getsémane as Golgota. 'n Bevreesde Jesus eerder as 'n betalende Jesus. Dit is nie 'n denkbeeldige gevaar as 'n mens in ag neem dat die filosofie van Heidegger reeds soveel skade in die teologie gebring het nie. Die kerk bely nie maar net dat Christus bang was vir die hel nie – dit was Hy die aand voor sy dood juis, met die bloedsweet. Die kerk bely ook, en veral, dat Hy in die hel was, toe Hy gesê het: 'My God, my God, waarom het U my verlaat?' Vrees om deur God verlaat te word, is nie dieselfde as om te beleef dat die vrees werklikheid word, en dat die Godverlatenheid werklik plaasvind nie. 'Angste van die hel ondergaan' is wawyd oop vir misverstand. 'n Psigologies beangste Jesus is iets anders as 'n hel-betalende Christus. Die

woordkeuse vertroebel eerder as wat dit opheldering bied.

- Ondergaan, teenoor neerdaal, verbreek die dogmatiese teenhanger 'opvaar'. Die vleeswording van Christus, sy neerdaling in die hel as betaling, is intiem verbind aan sy oorwinnende hemelvaart. Sonder die diepte van die helvaart is die hoogtes van die hemelvaart nie duidelik sigbaar nie. Ons moet daaraan vashou om nie die hel op sigself te beskou nie. Dit loop op niks uit nie. Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie. God het hemel en hel só aan mekaar gebind. Verkondiging van die hel in die Skrif is nooit geskei van die prediking van die versoening nie. 'Neergedaal het na die hel' moet deel van die kerk se belydeniswoordeskaf bly. Daarsonder is die opgevaar na die hemel bleker. Dit gaan oor Goddelike geskiedenis – wat God se Seun aan en vir sy kerk doen.
- 'Angste van die hel tot die dood toe ondergaan' wil miskien die onderskeid hel as Godverlatenheid en dood as ryk van die dooies na vore bring, maar daar vind 'n uiters belangrike verskuiwing in die belydenis plaas ten opsigte van die diep(s)te punt van Christus se lyde. Dit bring twee sake na vore: die kerk bely dat Christus lewendig in die hel, aan die kruis, was – lewe hier verstaan as asemhalend en nie as lewe in verbondenheid met God nie. Die dieptepunt verskuif nou van die kruis na die graf. Dit was nog altyd 'n dogmatiese vraag waar die vernedering in verhoging draai. Hier is veral Handeling 2:24 van toepassing. Dit is nie die bedoeling om te pleit vir 'n verhoging reeds in die graf nie, alhoewel daar ruimte voor is. Die punt is dit: die kerk moet nie sy belydenis verander terwyl hy dit juis nie wil doen nie. 'Herformulering' mag nie 'anders bely' word nie. As die kerk dit so wil bely dat die dieptepunt – maar veral aan die kruis – verander na die tyd in die doderyk, moet dit nie ondeurdag onder die dekmantel van vertaling inglip nie.
- Die kategismus-opstellers was deeglik bewus van die

kronologiese probleem in die Apostolicum, én dat die vroeë kerk anders daaroor gedink het. Die Kategismus is 'n poging om die band met die vroeë kerk vas te hou – deur die woorde in die Apostolicum op hulle historiese plek te hou en om die reformatoriese Skriftuurlike lig daarop te laat val. In die sin is die Kategismus-verklaring 'n tussenstanning. Dit is egter veel beter as om in 'n posisie te kom waar die 'veral aan die kruis' nie meer deur die kerke bely word nie.

Aanbeveling

- By al die dogmatiese stroomversnellings wat in die verlede voorgekom het, moet een saak as waarskuwing vir die huidige geslag gelowiges dien. Die *descendit* kan nie losgemaak word oor die belydenis van die twee nature van Christus nie, veral oor die vraag na Jesus Christus se menslike gees en die vraag na Hom as ewige *logos* en ook sy verbondsverband met die Vader en die Gees. Dit word deur die historiese hantering van Handeling 2:24 en volgende, skerp na vore gebring. Ons moet versigtig wees om nie weer die Apollinaris perdebynes oop te krap nie.
- 'n Nuwe vertalingsopdatering mag nooit, bewustelik of ondeurdag, die deur ooplaai dat die belydenisinhoud verander nie. Hier is die gevaar van die Heideggeriaanse filosofie, wat reeds (onbewus deur die breë kerkvolk) deur die taalfilosofie soveel vatplek in die gereformeerde teologie gekry het. Dit kos net 'n ondeurdagte swak oomblik om die angste as gevolg van die dreigende doodstraf te vervang met die Heideggeriaanse angste as essensie van die mens. Die gevolge sal vir die kerk katastrofies wees aangesien 'n ontmitologiseerde mede-beangste Jesus nie meer red nie, maar slegs medemenslik optree. Die hele soteriologie, die *satisfactio*, is hier in gevaar. Dit alleen behoort die kerke te noop om weer na die konsep-bewoording te kyk. Belydenis is *regula fidei* en nie *anihilate fidei* nie.

Vertaling gaan nie die probleem oplos nie. Vier moontlikhede bly oor:

- Handhaaf die huidige verklaring van die Heidelbergse Kategismus op die voetspoor van Calvin. Dit behels die erkenning dat dit onhistories is (met betrekking tot die dogmageskiedenis – nie die heilsfeite nie) maar nie on-Skriftuurlik nie.
- Tweedens kan die woord 'dus' in die Afrikaanse teks ingevoeg word, sodat die teks lui: 'Hy het dus neergedaal na die hel'. Dit staan in die dogmageskiedenis as die nakelafaliosis-opsie bekend, om die neerdaling te sien as 'n kort opsomming van die gehele staat van vernedering tot die uiterste trap toe. Dit behels dan dat die hel voor die dood gesien word, die neerdaling ter hel voor die afdaling tot die dood toe.
- Skrap die *descendit* in die Apostolicum en voeg 'n vraag by Sondag 15 HK, soos Faber (1979) voorstel. Dit behels dat die neerdaling Skriftuurlik bely word as die helse angste aan die kruis.
- Verander die belydenis van die Heidelberger oor die kruis om die ontmitologiserende teologie plek te gee. Dit is nie versoenbaar met die gereformeerde teologie nie. Die kerk moet nie iets op papier bely wat hy nie in die hart glo nie. Die belydenis moet ook nie vir elke geslag se allergieë aangepas word, of dat nuwe bewoording die slot van die hek afknip dat die nuwe en ou wolwe kan inkom nie.

Die kerke behoort biddend – oor wat die meeste vrede stig – enige van opsies 1-3 te oorweeg. Opsie 2 verdien voorkeur, aangesien dit die probleem sonder die meeste steuring aanspreek.

* Die artikel is 'n verkorte weergawe van 'n lesing wat op 15 Augustus 2006 te Potchefstroom voor die studentekorps *Veritas Vincet* gelewer is. Die lesing met voetnote en bronverwysings kan op die webblad van die VGL bekom word.

Die buitengewone Sinode van Dordrecht 1618-1619 (2)

Die besluitnemingsproses oor die dwaalleer

Die vorige artikel het merendeels ingegaan op die kerklike en politieke gebeure in Nederland wat aanleiding gegee het tot die oproep van die Sinode van Dordrecht 1618-19. 'n Swaar geloofstryd waarin die vrymag van God en die openbaring daarvan in die Skrif, en die belydenis daarvan in ons belydenisgeskifte regstreeks in gedrang was. Die Arminiane of Remonstrante wou die onus van ons menslike saligheid op die vrye wil van die mens plaas; dat God sy uitverkiesing ooreenkomstig die keusevrye wil van die mens uitvoer. Die siening tas God se Goddelikheid en sy vrymag aan. Die mens word tot so 'n magtige status verhef dat die mens self sy eie salige toekoms kan bepaal. Met briljante akademiese argumente het hulle dan ook die gereformeerde-gesindes wat God se soewereine vrymag ten alle koste aangehang het, daarvan beskuldig dat hulle 'n gebrekkige teologie beoefen. Alhoewel hierdie beskuldiging hoegenaamd nie geldig was nie, het die gereformeerde-gesindes hierop geantwoord dat hulle eerder 'n gebrekkige teologie beoefen as dat hulle in enige opsig God se soewereine vrymag sal loën. Daarmee het hulle erken dat daar baie dinge oor ons kennis van God is wat ons nie met ons verstand kan deurtas nie. Die mens sal in hierdie bedeling altyd 'n sekere gebrekkigheid in ons kennis van God hê, maar ons hou dit wat Hy aan ons in die Skrif openbaar steeds vas en probeer dit nie met ons eie menslike argumentasie verbeter nie. Die Skrif is vir ons genoegsaam, ook al kan ons dit nie ten volle verstaan nie. In hierdie opsig is die historiese oorskou van die Sinode van Dordrecht weer relevant vir die geloofstryd wat ons in hierdie dae binne die GKSA ervaar. Ook al is die materiële inhoud van die strydpunte

in geding ietwat anders, is dit presies dieselfde grondbeginsel wat opnuut in dispuut geplaas word.

In die voorbereidings van die nasionale Sinode van Dordrecht is daar spoedig provinsiale sinodes belê waar afgevaardigdes gekies moes word. Dit moet in gedagte gehou word dat die burgerlike owerheid in daardie dae nog steeds 'n regstreekse invloed en betrokkenheid in kerklike sake gehad het. So het die owerheid dan in die provinsiale sinodes voorgestel dat die sinodes elk ses predikante voorstel waaruit die owerheid drie kon verkies en omgekeerd, dat die owerheid ses ouderlinge of lidmate voorstel waaruit die provinsiale sinodes drie kon kies. Hierteen het daar uit die sinodes besware gekom omdat die regte van die kerk hierdeur aangetas sou word. So het die provinsiale sinode van Friesland drie predikante en drie ouderlinge verkies en hierop die goedkeuring van die staat gevra. Die staat het hierdie voorstel gelukkig 'met een goet benoeging' aanvaar. Een van die gekose predikante was Johannes Bogerman wat reeds verskeie kere as voorsitter van die provinsiale sinode opgetree en algemene vertroue in Friesland geniet het.

Tydens die tweede sitting van die sinode, op 14 November 1618, is Bogerman tot voorsitter verkies. Dat die keuse op hom geval het was nie vreemd nie. Die afgevaardigdes wou iemand hê in wie se provinsie nog nie so 'n skerp verdeeldheid was nie. 'n Predikant uit Friesland sou baie sterk in aanmerking kom. Daarby was hy 'n bekwame teoloog, baie kundig oor die strydpunt in geding, en het hy reeds verskeie voorbereidende vergaderings bygewoon waar onder andere vasgestel is wat die agenda van die vergadering moet wees. Noudat hy voorsitter van die sinode was, sou 'n groot deel van die geslaagdheid van die sinode van sy leiding afhang.

Met die oog op die duur en kostes van die sinode het die State-Generaal telkens daarop aangedring dat die bespreking nie volgens 'n vasgestelde skema eindeloos uitgerek word nie. Daar moes dus besondere aandag aan die vergadertegniek gegee word. Die voorsitter moes soms noodgedwonge die redevoering inperk. By die behandeling het die voorsitter dikwels leiding gegee deur die betrokke agendapunte in vraagstellings te formuleer. Die afgevaardigdes kon vraag vir vraag hierop ingaan.

Baie agendapunte met ryke betekenis het gedien. Hierop kan met genoegdoening ingegaan word. Vir die doel van hierdie artikel sal hoofsaaklik op die strydpunt met die Remonstrante gefokus word.

Terwyl die Remonstrante enige oomblik by die sinode verwag kon word, het ds Bogerman 'n besoek aan die Engelse biskop George Carleton gebring. Hy was deur koning Jacobus van Engeland afgevaardig. Daar het ds Bogerman gehoor dat die Remonstrante die politieke here om meer aansien by die sinode wou versoek. Hulle sou die Engelse vra om hierin te bemiddel. Verder het hy verneem dat die regmatigheid van sy voorsitterskap in twyfel getrek word omdat hy alleen deur die binnelandse afgevaardigdes, sonder toedoen van die buitelanders, verkies is. Die Engelse afgevaardigdes het ds Bogerman egter verseker dat hulle hom as die wettige voorsitter erken al sou daar teenstand deur die Remonstrante hieroor kom.

Dit was alreeds ongerymd dat die Remonstrante nie by die aanvang van die sinode aanwesig was nie. Ds Bogerman het egter die ordereëling gemaak dat hulle so spoedig moontlik by die politieke en kerklike voorsitter moet aanmeld sodat 'n tyd vasgestel kon word waarop hulle voor die sinode moet verskyn. Vier van hulle

het op 6 Desember 1618 aangemeld. Hulle het 'n dag of twee gevra om hulle boeke en papiere in orde te kry. Ds Bogerman het hierdie versoek aan die vergadering voorgelê. Die politieke here het bepaal dat hulle hul versoek persoonlik by die vergadering moet indien, omdat hulle nie reeds op 5 Desember teenwoordig was nie. Hulle is dus ontbied. Hulle woordvoerder, Simon Episkopius, hoogleraar in Leiden, het die vergadering toegesprek met die apostoliese seëngroet en geantwoord dat sommige Remonstrante hulle 'citatiebriewe' (dagvaardigings) nie veertien dae tevore ontvang het nie. Hulle het die vorige aand laat eers aangekom en 18 van hulle het nog 'n dag of twee nodig om hulle dokumente uit te pak en hulle voor te berei. Na beraadslaging het ds Bogerman hulle meegedeel dat hulle tot die volgende môre 9 uur tyd gegun word. Die Remonstrantse broeders moes egter nie die indruk kry dat hulle hul vir 'n konferensie voorberei nie, maar vir 'n sinode. Volgens hulle oproepinstruksies is hulle gedagvaar om hulle gevoelens oor die sogenaamde vyf artikels te verklaar en te verdedig en hulle aan die sinode se oordeel te onderwerp.

Op 7 Desember 1618 (23ste sitting), het die sinode voor die vraag gestaan of twee Remonstrantse broeders, Grevinshoven en Goulart, wat onder sensuur en nie afgevaardig was nie, tog by wyse van guns by die handeling van die sinode betrek kon word. Die voorsitter het al die remonstrantsgesinde afgevaardigdes uit Utrecht daarop versoek om hulle, nou dat die saak in behandeling gekom het, by die regters te voeg en die sinodale eed af te lê, of andersins as voorstanders van die saak van die Remonstrante hulle liever by die gedagvaarde Remonstrante te voeg.

Die betrokkenes het bedenktyd daarvoor aangevra. Die voorsitter het egter op hulle onmiddellike antwoord aangedring. 'n Heftige woordewisseling het plaasgevind. Uiteindelik het die politieke here ingetree en beveel dat die Remonstrantse broeders tot die volgende dag bedenktyd sal kry. Daarop het Episkopius die woord gevra en 'n toespraak van een en 'n half uur gehou waarin hy met meesterlike styl en opbou 'n felle aanval teen

die kontra-Remonstrante geloods het en hulle as die eintlike oorsaak van alle twis en tweedrag beskuldig het. Hy het die hoop uitgespreek dat die buitelandse afgevaardigdes die Remonstrante nie sal beskuldig voordat hulle behoorlik aangehoor is nie.

Aangesien hierdie toespraak verskeie opmerkings bevat het wat sowel politieke as kerklike sake geraak het, het die voorsitter 'n afskrif daarvan gevra sodat die sinode des te beter kon oordeel in watter gees dit uitgespreek is. Episkopius wou dit aanvanklik nie doen nie. Sy verskoning was dat dit in rof geskryf is en dat daar geen ander kopie bestaan nie. Tog het hy eindelijk die kopie oorhandig, waarop al die Remonstrante op versoek van die voorsitter hulle handtekening toegevoeg het. Dit sou dien as getuienis oor hulle saak voor die sinode. By die bestudering van die geskryf ontdek die politieke here dat belangrike opmerkings uit die toespraak nie op die geskrewe dokument voorkom nie. By nadere ondervraging het Episkopius bevestig dat die oorhandigde dokument die juiste weergawe van sy toespraak was. Dit blyk toe dat hy tog 'n weergawe by hom gehad het wat nie vir ander leesbaar sou wees nie. Aanvanklik is sy woord hiervoor geneem. Toe die sekretaris van die politieke here by Episkopius se sitplek kom om namens die voorsitter die afskrif te vra, het die groot moeilikheid begin. Die toehoorders wat op die galery gestaan het, het gesien en aan die voorsitter laat weet dat Episkopius nie die oorspronklike dokument waarvan hy sy toespraak gelewer het, en waarby die Remonstrante mondeling ingestem het, ingehandig het nie, maar 'n ander weergawe met hulle handtekeninge waarin baie van die haatspraak nie voorkom nie.

Op 10 Desember (25ste sitting) het ds Bogerman vir Episkopius met 'n vriendelike vermaning op die opsigtelike bedrog gewys wat hy gepleeg het. Episkopius en die Remonstrante wou nie hierdie karakter-vernedering aanvaar nie en het op 11 Desember voortgestry dat hulle eerbaar gehandel het en dat die voorsitterskap in dispuut gestel word. Dit het die debat uitgerek. Eindelijk het die politieke here op 12 Desember 'n dekreet voorgelees waarin hulle verklaar dat die Remonstrante hulle verontskuldiging aanbied en dat die

saak self verder behandel moet word.

Terug by 10 Desember. Die voorsitter het die saak aan die orde gestel en die Remonstrante gebied om hulle gevoelens (vyf artikels) teen die Heidelbergse Kategismus te verklaar, soos hulle gedagvaar is. Hierop het Episkopius weer versoek om enige sake, wat na hulle mening vooraf gestel moes word, op skrif te stel. Die voorsitter was daarteen, maar nadat die politieke here so verorden het, het B Dwinglo – predikant van Leiden – 'n dokument voorgelees, waarin die Remonstrante verklaar dat hulle die sinode nie as 'n wettige regter kan erken nie, omdat die meeste van die binnelandse afgevaardigdes hulle vyande was wat aan skeurmakery skuldig is en dus nie 'n onpartydige oordeel kon uitspreek nie. Die Remonstrante het hulle beroep op Athanasius wat in 335 die konsilie van Trente verlaat het omdat die vernaamste persone daar tegelyk regter en party in geding was. Hulle het die sinodelede as skismatici en skeurmakers bestempel en het 12 voorwaardes gestel waaraan 'n wettige sinode moes voldoen.

Hierop het die voorsitter gereageer dat die sinode nou geduldig na hulle tweede toespraak geluister het waarin hulle die gesag van die sinode in twyfel getrek het; dit is onbetaamlik dat die gedagvaardigdes aan die regters die wette wil voorskrywe en vir 'n ander sinode vra as wat die State-Generaal verorden het. Deur dit te doen het hulle nie alleen die sinode nie, maar ook die State-Generaal en die Nederlandse kerke onreg aangedoen. Dit het die Here egter behaag om die sinode te vergader soos dit nou is en die Remonstrante moet hulle daarby neerlê. Sou die sinode 'n verkeerde oordeel fel, is hulle daarvoor voor God verantwoording verskuldig. Dit was egter volgens die voorsitter nog nie die regte tyd om van skeurmakers te praat nie. As die sinode eers vasgestel het wat die leer is wat die kerke aanneem, sal daaruit blyk wie aan skeurmakery skuldig is.

Episkopius, woordvoerder van die Remonstrante, wou hom nie hierby neerlê nie. Met volgehoue beskuldiging van skeurmakery wou hulle die lede van die sinode nie as regter aanvaar nie. Hierdie dispuut het onopgelos tot 12 Desember voortgeduur.

Met hulle steeds volgehoue voorbehoude oor die status van die sinode het die Remonstrante hulle bereid verklaar om hulle gevoelens oor die vyf artikels te verklaar vir sover hulle dit nodig ag en dit op skrif sou stel. Dit was nie na die sin van die sinode nie. Hulle het die gedagvaardigdes beveel om sonder verdere aantasting van die gesag van die sinode en die State-Generaal, op die volgende dag hulle gevoelens oor die eerste artikel skriftelik in te handig. Daarop het hulle egter geantwoord dat hulle dagvaardigings nie stel dat hulle hulle gevoelens skriftelik moet

verdedig nie. Hulle het daarvan uitgegaan dat dit 'n vrye mondelinge konferensie moet wees.

Uiteindelik het die Remonstrante op 13 Desember hulle gevoelens oor die eerste artikel van die leer van die predestinasie ondertekend ingedien. Omdat die voorsitter daarvan bewus was dat die Remonstrante 'n soort teen-sinode gehou het met 'n eie voorsitter, assessore en skribas, wou hy die Remonstrante elkeen afsonderlik ondervra. Dit was duidelik dat hulle van die begin af berekend alle moontlike maatreëls in plek gesit het

om die ordelike gang van die sinode te ontwig. Na 'n hele debat oor die manier van ondervraging het die sinode besluit dat die Remonstrante op die volgende dag hulle gevoelens oor die ander vier artikels ook moet inhandig sodat alles saam beoordeel kon word. Dit is nie moontlik om elke artikel se materie afsonderlik te beoordeel nie. Op hulle versoek het die Remonstrante tot 17 Desember uitstel gekry.

Hiermee was die stryd om ordelike afhandeling van die saak nog lank nie verby nie. Volgende keer meer daaroor.

Op die boekrak

Ds LJ Erasmus, Daspoort

Die Regulerende Beginsel

Resensie oor Covenental Worship: Reconsidering the Puritan Regulative Principle deur RJ Gore (Jr) 2002

Die Puriteine het die Gereformeerde belydenis, soos vervat in Sondag 35 van die Heidelbergse Kategismus, aangegryp om die orde binne die erediens te reël. In vraag 96 word gevra: 'Wat eis God in die tweede gebod?' Antwoord 96 stel: 'Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie (a) en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie (b)'. Die (b)-deel van hierdie antwoord is gesien as die deurslaggewende riglyn vir die vorm, inhoud en karakter van die erediens. Hierdie belydenis het vir baie mense die riglyn voorsien van dit wat waarlik God-vererend is.

Gore ontleed die ontstaan en ontvangs van hierdie belydenis in die Presbiteriaanse kerke onder die Puriteinse invloed en poog om die waarde daarvan vir die erediens aan te toon.

Inleiding

Die boek is 'n populêre weergawe van die skrywer (RJ Gore) se dissertasie vir sy doktorsgraad wat in 1988 by die Westminster Theological Seminary voltooi is. RJ Gore is daarna as dosent in Systematic Theology by die Erskine Theological Seminary aangewys, 'n rol wat hy vir 'n hele aantal jare vervul het. Binne daardie funksie is hierdie werk gebore.

Gore is deur die eenvoud van die gereformeerde puriteinse denke gefassineer. Eerder as om eindelose besprekings te hou oor reg en verkeerd, het die Puriteine eenvoudig alles in die erediens en aanbidding verban wat nie op eksplisiete Bybelse gronde staan nie. Hulle het geglo: 'Enigiets wat nie beveel is, of wat nie logies op 'n bevel gebaseer kan word nie, is deur die Skrif verbied'. Daarmee het die Puriteine alle raaiwerk uit die vorm en inhoud van die erediens gehaal en die saak beslis vereenvoudig.

Gore doen deeglike werk in sy studie en bespreking. Hy wys daarop dat daar in die Westerse kerke vandag minstens vyf verskillende benaderings rondom die saak van erediens en aanbidding geïdentifiseer kan word. Die pragmatiese benadering redeneer: '... dit wat werk is aanvaarbaar, dit werk mos'. Die tweede is die Rooms-Katolieke 'ekkklesia'-benadering, waar '... die kerk die finale besluit het oor wat reg en verkeerd is'. Derdens is daar die Lutherse en Anglikaanse benadering wat bely 'wat die Bybel nie verbied nie, is toelaatbaar'. Vierdens is daar die Gereformeerde of Verbondsmatige benadering wat glo: 'Alles wat ooreenstem met verbondsonderhouding is toepaslik'. Laastens is daar die Puriteinse benadering wat bely: 'Alles wat nie beveel is nie, is verbode'. Gore ondersoek die neigings van die laat twintigste eeu se erediens en aanbidding, en toon aan hoe die

dialog oor hierdie saak sedert die laat sewentigs in momentum toegeneem het. Binne die Presbiteriaanse kerke het daar ook twee nuwe rigtings ontwikkel. Een met die klem op erediens en aanbidding wat relevant is, wat al die elemente van die erediens kultureel relevant wil maak. Die ander rigting het weer oormatige klem op die eerbied en ontsag van alle aanbidding geplaas, met 'n terugkeer na gemeentedeelname deur middel van dreunsang en ritueel in die erediens, asook met die instelling van kindernagmaal. Gore wys daarop dat die tradisionele, formele Presbiteriaanse eredienste hierdeur in spanning en kontroversie geplaas is en dat hierdie vorme van aanbidding aanspraak maak op navolging van die Puriteinse Regulerende Beginsel. Hierin het hy die noodsaak vir sy studie gevind en gemotiveer.

Oorsig

Gore begin deur sy eie lang en moeisame tog tot helderheid oor die Regulerende Beginsel (RB) aan te toon. Die eerste hoofstuk van sy boek word gewy aan die feit dat die plaaslike gemeentes self bepaal wat vir hulle aanvaarbaar is en dat daar dus 'n natuurlike diversiteit binne een kerkverband mag ontwikkel. Hoofstuk 2 onthul die agtergrond van die RB en die ontwikkeling daarvan in die sestiende en sewentiende eeue. Hoofstuk 3 ontleed die Puriteinse invloed op die Westminster Standards

as 'n versoeningsdokument binne die Presbiteriaanse kerk. Hoofstuk 4 luister na wat Calvin te sê gehad het oor die RB met toepaslike klem op die gesag van die Woord van God as kenbron van God se wil. Hoofstuk 5 gee 'n aanduiding van die styl van aanbidding en erediens in Genève, om daardeur die verskille tussen Calvin en die latere Puriteine uit te lig. Hoofstuk 6 bekijk die Puriteinse toepassing van die RB in vergelyking met die leringe van Jesus Christus. In Hoofstuk 7 word die RB en die erediens vergelyk met Skriftuurlike aanduidings van die redelike godsdiens (byvoorbeeld Romeine 12:1-2). In hierdie hoofstuk word ook baie aandag verleen aan die sogenaamde *adiaphora* of middelmatige sake. Hoofstuk 8 is beslis die hoogtepunt van hierdie studie, waarin terminologie uitgespel word. Dit bring die term 'verbondsmatige beginsel van aanbidding' op die voorgrond as die beste formulering van 'n Skrifgetroue weergawe van die RB. Gore se belangrikste bydrae in die hele boek is dat hy sy lesers lei tot 'n verstaan van die RB wat altyd die Bybel as hoogste gesag vir die erediens handhaaf. In sy slotsom plaas Gore die klem nie op die sienings van sestiende eeuse Genève of op 'n terugkeer na die Puriteinse Skotland van die sewentiende eeu nie. Hy stel: 'Instead, the answer lies in the genius of Reformed liturgy: the church's faithful application of abiding truths to the changing situations of the day'. Gore glo: 'Based on the Puritan affirmation that God alone is sovereign in all matters, the covenantal principle seeks to integrate more successfully the responsibility of believers, as God's vicereagents, to engage in meaningful, faithful, biblical worship. ... Therefore, modern Presbyterian worship must end the pursuit of plainness, and begin the pursuit of covenantal faithfulness.'

Argumentering

Die kern van Gore se hele betoog lê nie in die argument of die RB vir kerke van Gereformeerde afkoms belangrik is nie. Dit word aanvaar. Dit lê eerder in die toepassing van die Regulerende Beginsel; in die vraag oor wie die regte siening en toepassing van die RB handhaaf. Gore toon met reg aan dat die Puriteinse RB uit die

historiese konteks van die sewentiende eeu ontstaan het as: '... the ripe fruit of a century of Puritan thought, conceived and nurtured in opposition to the twin challenges of medieval Roman Catholicism and Reformation Anglicanism'. Gore glo dat die Puriteinse RB uit twee dele bestaan. 'First, there is an affirmation that the *elements* of worship are regulated by Scripture, so that only what has been divinely instituted, commanded, or appointed (or the necessary logical corollary of what has been divinely instituted, commanded, or appointed) constitutes acceptable worship. Nonessential matters, or *circumstances*, are subject to the general teachings of Scripture and the proper exercise of common sense and Christian prudence. Second there is a denial that the church and the state have the right to impose anything on the conscience of a believer that is contrary to the Word of God.'

In sy hantering van Calvin se sienings maak Gore 'n duidelike onderskeid tussen boek 1 (hoofstukke 6-9) van die Institusie, waar die Woord bespreek word in terme van ons kennis van God. In boek 4, hoofstuk 8, bespreek Calvin die Woord met betrekking tot die gesag van die kerk. Calvin beskou die Woord as die bril waardeur alle ander kennis van God reg beskou kan word. Calvin bely dus dat die enigste manier om wettige diens aan God te waarborg, is om God se bevel uit te voer. Aanvaarbare eredienste konformeer dus met die Woord van God en is nie van menslike oorsprong nie.

Gore beklemtoon Calvin se standpunt dat die kerk nooit die leiding van die Heilige Gees kan bely in enigiets wat met die Woord teenstrydig is nie. Die Gees weerspreek nooit die Woord nie. Verder moet moeilike tekste altyd verstaan word in die lig van makliker tekste en van die oorhoofse lering van die Skrif. Calvin ag die konteks van elke teks ook belangrik in hermeneuse om te verseker dat tekste nie uit verband gelig word nie; dat die konteks altyd ook oorweeg moet word. In die verband vermy Calvin dus 'n biblisistiese benadering, maar ook die ongekwalfiseerde gebruik van analogieë uit die Skrif.

Vir Calvin is Christus die finale en bepalende konteks. Hy is die Woord deur wie alles geskape is en die Woord

wat vlees geword het, deur wie God ook alles weer nuut maak. Christus is die sleutel tot die Skrif. Sonder Hom bly die Bybel 'n geslote boek.

Gore stem met Calvin saam dat by hierdie interpretatiewe sleutels die rol van *adiaphora* (middelmatige sake) van kritieke belang is vir die toepassing van die RB. Gore onderskei tussen drie tipes. Seremoniële *adiaphora* is rites, seremonies en gewoontes wat nie in hulself bevel of verbied is nie. Etiese *adiaphora* is handeling, soos die drink van wyn, wat op sigself ingesluit of uitgesluit kan word, sonder oortreding. Doktrinale *adiaphora* is leringe wat aangeneem of verwerp kan word, of leringe waarvan 'n persoon onwetend kan wees sonder om te sondig. Gore beskou etiese en seremoniële *adiaphora* as die belangrikste oorwegings in hierdie stryd rondom die RB.

Calvin neem (volgens Gore) die reël van regverdiging deur die geloof alleen as vertrekpunt. Verder is die gelowige gehoorsaam aan God se wet uit dankbare onderwerping vir die genade in Christus. Tog is die beginsel van neutraliteit ook ter sprake. Hierdie derde element van die christelike vryheid beteken dat die gelowige nie voor God gebonde is aan uiterlike neutrale dinge nie, maar dat gelowiges die vryheid het om hulle te gebruik of te laat. In hierdie verband waarsku Calvin teen die oormatig versigtige gewete, omdat 'when consciences have once ensnared themselves, they enter a long and inextricable maze, not easy to get out of'. Calvin meen dat neutrale dinge oorweeg moet word sonder om christelike barmhartigheid of christelike vryheid uit die oog te verloor.

Calvin formuleer dit só: 'Soos ons trouens ons vryheid aan die liefde ondergeskik moet maak, so moet ons die liefde self ook op sy beurt aan die suiwerheid van ons geloof ondergeskik stel'. Calvin beperk die gesag van die kerk in die binding van ons gewetens (ICG 4.10.8). Eerstens het die kerk geen gesag om die gelowige te belas met wette of seremonies wat Skrifvereistes oorskry nie. Tweedens is dit slegs God wat die gesag het om erediens en aanbidding verpligtend te maak.

Oor seremonies is Calvin uitgesproke. Alle opgeblasenheid moet vermy word (ICG 4.10.12), dit moet beperk

word en nie eindeloos uitbrei nie (ICG 4.10.13) en die seremonies mag slegs gebruik word om Christus uit te wys (ICG 4.10.14). Uiteindelik stel Calvyn die volgende beginsels. Seremonies en reëls moet tot die minimum beperk word. Dit mag geen vorm van bygeloof inhou nie en ook nie stryd veroorsaak nie. Die seremonies wat wel gebruik word, moet binne die konteks van tyd, plek en behoeftes van die kerk inpas (ICG 4.10.32).

Gore se slotsom

Gore glo dat die Puriteinse RB die Skriftuurlike perke daarvoor sonder enige twyfel oorskry het en onnodige streng beperkings op volgelinge van die RB geplaas het. Hy bely egter dat die Puriteine se vasgryp aan die belang van die Skrif, 'n vaste verdediging teen liturgiese modes en eksperimentering gebring het. Gore voel dat in hierdie nuwe tyd met nuwe uitdagings, die struktuur van erediens en aanbidding wel gehoorsaam aan Bybelse bevels moet bly, maar ook moet saamsprek met voorbeelde soos gevind in die Bybel. Gore stel dat ons die tekorte van die formulering in die Puriteinse RB kan vervang deur die rol van *adiaphora* in die kerk weer te erken. Dit gee dan, volgens Gore, die gesonde spanning tussen verbondsmatige verantwoordelikhede en menslike kreatiwiteit, waarbinne die erediens en aanbidding kan plaasvind.

Resensie en repliek

In die Westminster Theological Journal (2003:345-356) verskyn 'n resensie van hierdie boek deur T David Gordon. Hy spreek kritiek

uit oor Gore se verwysings na die sinagogediens in Israel, na die terminologie wat deurgaans gebruik word, oor die metode wat Gore aanwend om die Puriteine met Calvyn te vergelyk, oor die term 'worship' en uiteindelik oor Gore se siening dat die Puriteinse RB onwerkbaar is. Gordon erken dat die boek 'n belangrike saak weer onder bespreking plaas, maar wys daarop dat (in sy oë) terminologiese verwarring en betekenisvolle foute in metodiek beide die teologiese en historiese waarde van die boek ondermyn.

In dieselfde tydskrif verskyn enkele jare later (2005:363-379) 'n repliek van Gore op Gordon se resensie. Gore beantwoord Gordon se kritiek, wat soms bietjie onnodig skerp is, met feitelike uittreksels uit sy boek, maar toon aan dat Gordon hoofsaaklik die terme wat Gore gebruik uitbrei tot elemente, omstandighede, vorm en klassifikasies. Daarin sien Gore dat Gordon saamstem dat die huidige (Puriteinse) definisie van die RB en van *adiaphora* heroerweging moet geniet. Die belangrikste deel van hierdie repliek is dat Gore die verskil in hermeneutiek tussen die verskillende sienings uitlig.

Resensent se slotsom

Dit is 'n waardevolle boek vir enige persoon wat meer inligting oor die Regulerende Beginsel van die erediens verlang. Gore bied in sy boek 'n goeie en redelik volledige oorsig van die ontstaan en geskiedenis van die RB en ook van verskillende benaderings in die verband. Sy vertrekpunte en verwysings is baie waardevol vir 'n nuweling in hierdie

polemiek, maar bied nog geen finale, afgeronde antwoord oor die toepassing van die RB nie. Die nuwe term 'verbondsmatige aanbidding' is in werklikheid geen nuwe term nie, maar wel 'n prysenswaardige terugkeer tot gehoorsaamheid aan die Skrif as hoogste gesag vir ons diens aan God. Tog is die volle betekenis daarvan nie uitgespel nie. Gore se bedoelinge is suiwer, maar sy toepassing van hierdie term is gebrekkig. Hy gee geen finale of nuwe beslag aan die term *adiaphora* nie en gee die indruk van iemand wat met ywer begin het, maar stoom verloor het voordat hy klaar was.

Dit is werklik jammer dat hierdie boek nie die stryd tussen ons christelike vryheid aan die een kant en ons christelike gehoorsaamheid aan die ander kant nog duideliker afteken nie. Hierdie saak is blykbaar tydloos en altyd aktueel, soos dit ook voorkom uit die stryd binne die GKSA na Sinodes 2003/6. Gore se waarde lê egter daarin dat hy wel met hierdie boek die gevaar van 'n terugkeer tot wettisme beklemtoon en afwys. Hy verhoed daarmee dat die RB verhef word tot 'n oorhoofse beginsel, wat selfs bo die wet geag moet word, maar stel nie die perspektief heeltemal reg deur te sê watter mate van gehoorsaamheid aan die Skrif *wenslik* is en watter mate deur God *vereis* word nie. Gore beaam die belang van die Skrif as bron van ons belydenis, maar spreek nie die saak van leersuiwerheid in ons gebruike en seremonies genoegsaam aan nie. Die boek kan nogtans aanbeveel word as 'n beginpunt in die oorweging van hierdie uiters belangrike voorreg – om God te dien volgens sy bevel!

Persskou

Dr GJ Meijer, Wonderboompoort

Konsekvente NG Kerk-wederdopers

In die Gereformeerde Internet-tydskrif *Vox Viva* van Oktober 2006 skryf dr Chris Saayman:

Onlangs het ds Jannie Pelser van die NG Kerk Rant-en-Dal – volgens koerantberigte – 'n aantal lidmate (wat reeds as kinders gedoop is) in

'n swembad ge(her)doop. Dit is 'n praktiese gevolg van die nuwe gier wat plek-plek in die NG Kerk kop uitsteek en wat "doopviering" genoem word. Ds Pelser voer aan dat hulle steeds die kinderdoop handhaaf en dat die swembadonderdompeling geen tweede

doop is nie, maar slegs 'n "viering" van die "bekering". 'n Mens wonder of die éintlike bedoeling nie is om te probeer verhinder dat NG lidmate na Charismatiese kerke oorgaan en dáár "gedoop" word nie. Min of meer dieselfde satisfaksie wat mense dáár

kry, moet nou net binne die mure van die NG Kerk ervaar kan word.

Die eintlike (tragiese) probleem het egter nie te make met die motivering nie, maar die verkeerdverstaan van die evangelieboodskap. Eintlik is die voorstanders van “doopviering” teologies baie eerlik en konsekwent. Hulle trek hul teologie konsekwent deur. Hulle doen wat duisende ánder – uit dieselfde teologiese stal – se innerlike hunkering is om te doen, maar nooit doen nie. Die stal waaruit hierdie mense kom, is die sogenaamde “evangeliese lyn” binne die NG Kerk, wat ‘n produk is van die arminiaanse gedagtegoed en bevindelike godsdiens wat op verskillende geraffineerde maniere (en onder die dekmantel van gereformeerde) die NG Kerk binnegevoel het gedurende die afgelope 300 jaar – veral deur die Skotse predikante en die lees van literatuur uit die kringe van die

Nederlandse Nadere Reformasie en Duitse Piëtisme.

Hoe lyk die “evangeliese” mens in die praktyk? Hoe lyk dit prakties wanneer ‘n vermenging van arminianisme, metodisme, piëtisme en gevoelsgodsdien in “evangeliese mense” gestalte vind? Gewoonlik word Christus se kruisdood en opstanding gesien as slegs die moontlikheid tot redding wat onvoltooid bly totdat die mens sy/haar kant bring deur tot bekering te kom. Dán realiseer die heil. Christus is dus nie ‘n volkome Verlosser nie. Sy verlossingswerk benodig ‘n PLUS ... die mens se geloof. Hoe meer sektaries mense is, hoe swaarder word die menslike aandeel in die redding gelaai – gewoonlik met ‘n aantal stappe wat deurgegaan moet word byvoorbeeld: sondebelydenis (maar dit moet ernstig genoeg wees!), berou (die trane moet vloei), ‘n doelbewuste gebed van die aanneem-van-Jesus (dit moet opreg bedoel word), ‘n keuse om vir Hom te lewe (wat gehandhaaf moet word), ‘n keuse om die eie-ek af te sterf, ensovoorts. Hoe minder sektaries die mense is, hoe kleiner word die menslike aandeel wat die verlossing moet voltooi – maar dit word gehandhaaf! Vir sommige moet daar darem net ‘n bekeringsgebedjie gebid word. Dit is die sub-minimum vereiste wat die knoop deurhaak. Gewoonlik word gesê dat geloof alleen te min is, want die duiwels glo ook en hulle is verlore. Hoe ook al: in die “evangeliese” gemoed, val die heilsbeslissing by die moment van menslike keuse. Die beslissing het nie op Golgota geval nie. Die eenvoud van die ware evangelie, naamlik dat God die mense op die kruis kant en klaar gered het terwyl hulle sy vyande was – en dat dit geglo mag word, gaan by die “evangeliese” mens verby – en so ook die ware troos. Dit word afgemaak as “goedkoop genade”. Wat egter skerp gesien moet word, is dat die doop-as-menslike-getuienisdaad-ná-bekering en die “evangeliese” vroomheid, hand aan hand gaan. Waar “koning mens” ‘n mede-aandehouer saam met God is en sêlf dinge tussen hom/haar en God regmaak, het die kinderdoop sy betekenis verloor en word daar gesoek na ‘n soort doop

waar die méns sy deurslaggewende verantwoordelikheid kan nakom en die innerlike gevoel van verlos-wees kan opwel.

Dit is dus glad nie vreemd dat “evangeliese” mense oor die algemeen nie veel waardering vir die kinderdoop (doop vóór geloof) het nie en sukkel om dit te verstaan – al is hulle ook lidmate en predikante van ‘n kerk van gereformeerde belydenis. Sommige dink dit is ‘n naamgee-seremonie en ander dink dit gaan oor die ouers se belofte om die kind christelik op te voed – wat lofwaardig is. Ánder sal dalk iets van die verbond onthou – maar dadelik toevoeg dat die mens op die verbond moet antwoord, anders tref die verbondsvloek jou. Die rede vir die verwarring is voor die hand liggend: ‘n doop wat bedien word aan iemand wat geen eie aandeel het nie en wat slégs God se kruisredding onderstreep (om gegló te word), druis in teen die hartaar van die “evangeliese” opvatting dat die méns sy saak met God regmaak deur middel van bekering.

Die wáre geloof “vier” nie die “bekering” nie, want dit is juis geen bekering nie! Die ware bekering is om van die bekering te vergeet en slegs te vertrou op die redding wat op die kruis plaasgevind het – toe ons nog sy vyande was (Romeine 5:10). Valse bekering (bygeloof) fokus op bekering en het grootdoop as menslike getuienisdaad nodig, want dit onderstreep die bekering-en-redding-op-grond-van-bekering. Ware bekering (geloof) fokus op die kruis – en juig oor die kinderdoop as Godsdaad, want dit onderstreep die kruisredding-vóór-die-bekering. Wie dus die bekering met ‘n watse soort doop wil vier, verstaan nie kop of stert van die bekering nie en nog minder van die doop en het júis nodig om tot bekering te kom – die bekering wat die ware genade van God leer ken.

Dit is duidelik dat reformasie nooit ophou nie. Calvyn en sy tydgenote het met die wederdopers te kampe gehad. Ons nie minder nie. Die hoop word uitgespreek dat hierdie artikel vir elke leser persoonlik tot nadenke sal stem, en as rigtingwyser in gesprekke oor dié onderwerp sal dien.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Dr GJ Meijer
Mev J de Wind
Ds HLJ Momberg
Dr AH Bogaards
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: gjmeijer@absamail.co.za
jokedewind@gmail.com

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za
Faks 012 335 9135

Intekengeld:

R130 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:
Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031